

Titel: Leef soos 'n koning – soek die Here
Pastoor: Helmuth Grunewald
Datum: 26 Junie 2011
Tyd: 09h30



1. inleiding

a) Dawid soek na God

Psalm 63:1-2

¹ 'n Psalm van Dawid, toe hy in die woestyn van Juda was. ² o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water.

b) Dawid se soeke na God

- Dawid het die Here gesoek in al die verskillende stadiums van sy lewe
- Hy was nie perfek nie, maar die Here sê hy was 'n man na Sy hart

Hand 13:22

En... Hy (*het*) Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehag sal doen.

c) stadiums van Dawid se lewe

i. seun en skaapwagter

1 Sam 17:34-36

³⁴ Daarop sê Dawid aan Saul: U dienaar het vir sy vader die kleinvee opgepas, en as daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra, ^{35a} dan gaan ek uit agter hom aan en verslaan hom en ruk dit uit sy bek uit;... ^{35b}... en as hy my aanval, gryp ek hom aan sy baard en verslaan hom en maak hom dood. ^{36a} U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan... ^{37a} Verder sê Dawid: Die HERE wat my gered het uit die klou van die leeu en uit die klou van die beer...

ii. salwing deur samuel

1 Sam 16:12-13

¹² Daarop het hy gestuur en hom laat kom; en hy was rooierig, met mooi oë en 'n mooi voorkoms. ¹³ Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword...

iii. opgang tot skoonseun van die koning

- Alles gaan vir 'n tyd baie goed met Dawid:
- Hy vind guns by Saul en bly in die paleis
- Hy verslaan Goliat
- Hy bevriend Jonatan
- Hy verslaan die Filistyne
- Hy wen Saul se dogter, Migal, se hand

iv. Dawid in die wildernis

- En dan loop dinge bietjie skeef:

- Saul raak jaloers
- Eers probeer hy self Dawid met 'n spies deurboor
- Dawid moet later vlug vir sy lewe
- Saul soek hom om hom dood te maak
- Dawid bevind hom skielik in die wildernis
- Hy moet in spelonke skuil
- Konstant rondbeweeg om nie gevang te word nie
- Hy kan nie sy kop neerlê in vrede nie
- Hy voel somtyds alleen, verlate
- Maar hy soek nogsteeds die Here!

Psalm 4:4-9

⁴ Weet tog dat die HERE vir Hom 'n gunsgenoot afgesonder het; die HERE hoor as ek Hom aanroep. ⁵ Sidder, en moenie sondig nie; spreek in julle hart op julle bed, en wees stil. Sela. ⁶ Offer offerandes van geregtigheid en vertrou op die HERE. ⁷ Baie sê: Wie sal ons die goeie laat sien? Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE! ⁸ Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is. ⁹ Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon.

Psalm 34:1-23

¹ 'n Psalm van Dawid, toe hy hom kranksinnig gehou het voor Abiméleg en dié hom weggejaag het, sodat hy heengegaan het. ² Ek wil die HERE altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees. ³ My siel sal hom beroem in die HERE; die ootmoediges sal dit hoor en bly wees. ⁴ Maak die HERE saam met my groot, en laat ons saam sy Naam verhef! ⁵ Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered. ⁶ Hulle het Hom aangesien en gestraal van vreugde, en hulle aangesig hoef nie rooi van skaamte te word nie. ⁷ Hierdie ellendige het geroep, en die HERE het gehoor, en Hy het hom uit al sy benoudhede verlos. ⁸ Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit. ⁹ Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil! ¹⁰ Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie. ^{11a} Die jong leeus ly armoede en het honger; ^{11b} maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie. ¹² Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die HERE leer. ¹³ Wie is die man wat lus het in die lewe, wat dae liefhet om die goeie te sien? ¹⁴ Bewaar jou tong vir wat verkeerd is, en jou lippe dat hulle nie bedrog spreek nie. ¹⁵ Wyk af van wat verkeerd is, en doen wat goed is; soek die vrede en jaag dit na. ¹⁶ Die oë van die HERE is op die regverdiges, en sy ore tot hulle hulpgeroep. ¹⁸ Hulle roep, en die HERE hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede. ¹⁹ Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees. ²⁰ Menigvuldig is die teespoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom. ²¹ Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie. ²³ Die HERE verlos die siel van sy knegte; en almal wat by Hom skuil, hoef nie te boet nie.

v. Dawid word gesalf as koning

2 Sam 2:1

En daarna (*na Dawid gerou het oor die dood van Saul en Jonatan*) het Dawid die HERE geraadpleeg en gesê: Sal ek optrek in een van die stede van Juda? En die HERE het hom geantwoord: Trek op. Toe sê Dawid: Waarheen moet ek optrek? En Hy antwoord: Na Hebron.

2 Sam 2:4

Daarna het die manne van Juda gekom en Dawid daar (*in Hebron*) as koning oor die huis van Juda gesalf.

vi. Dawid as koning soek die wil van God

2 Sam 5:23-25

²³ Toe raadpleeg Dawid die HERE, en Hy sê: Jy moet nie optrek nie: trek agter hulle om en val hulle aan vlak voor die balsembosse. ²⁴ En as jy 'n geruis van voetstappe in die toppe van die balsembosse hoor, moet jy gou maak, want dan het die HERE voor jou uitgetrek om die leër van die Filistyne te verslaan. ²⁵ En Dawid het gedoen net soos die HERE hom beveel het, en hy het die Filistyne verslaan van Gibeon af tot naby Geser.

d) riglyne vir 'n koning

i. die koning se verantwoordelikhede

Deut 17:16-20

¹⁶ Hy mag net nie vir hom baie perde aanskaf nie, en hy mag die volk nie na Egipte teruglei om baie perde aan te skaf nie, aangesien die HERE vir julle gesê het: Julle mag nooit meer teruggaan op hierdie pad nie. ¹⁷ Ook mag hy nie baie vroue aanskaf nie, dat sy hart nie afwyk nie; hy mag ook vir hom nie uitermate baie silwer en goud aanskaf nie. ¹⁸ En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê; ¹⁹ en dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen; ²⁰ sodat sy hart hom nie verhef oor sy broers nie en hy van die gebod nie regs of links afwyk nie; dat hy die dae kan verleng in sy koninkryk, hy en sy seuns, onder Israel.

ii. die 3 waarskuwings

Die Here noem 3 areas wat ons kan laat val. 3 dinge wat ons tyd, aandag en fokus maklik kan wegneem van Hom af

1. Die trekkrag van die wêreld

- hy mag die volk nie na Egipte teruglei om baie perde aan te skaf nie

Jak 4:4

... weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

2. Die gevaar van afleidings

- Ook mag hy nie baie vroue aanskaf nie, dat sy hart nie afwyk nie

Kol 3:1-2

¹ As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. ² Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.

3. Die trekkrag van materialisme

- hy mag ook vir hom nie uitermate baie silwer en goud aanskaf nie

Matt 6:33

Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

1 Joh 2:15-17

¹⁵ Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. ¹⁶ Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. ¹⁷ En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

iii. die kopie van die gebooi

- Die koning moet 'n persoonlike kopie van die wet (Gen- Deut) maak en by hom hou
- 203 bladsye, 600 uur se skrywerk
- Verteenwoordige'n hele paar rolle diervel
- Dit was geen klein ding wat die Here hier gevrae het nie!!!
- Ons hart is om die Here soek, om Hom na te jaag.

- In Deuterionium 17 is daar 'n hele paar waarhede opgesluit wat ons vandag kan help om die Here na te jaag/ te soek met ons hele hart.

iv. toepassing vir vandag

- A) Ons moet die Here persoonlik soek (18b moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe)
- B) Die Woord van die Here moet ons skat word (19a en dit moet by hom wees)
- C) Ons moet die Woord persoonlik lees (19b en hy moet daarin lees)
- D) Ons moet ons daagliks voed met die Woord (19c al die dae van sy lewe)
- E) Om die Here te leer ken en geestelik te groei neem tyd (19d dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees)
- F) Die Here soek gehoorsaamheid, ons kan nie net lees en kennis opdoen sonder om die Woord toe te pas nie (19e deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen, 20b sodat hy van die gebod nie regs of links afwyk nie)
- G) Die Here wil hê ons moet in nederigheid voor hom wandel (20a sodat sy hart hom nie verhef oor sy broers nie)
- H) Die Here wil ons seën en ons 'n geestelike nalatenskap gee (20c dat hy die dae kan verleng in sy koninkryk, hy en sy seuns, onder Israel)

v. die uitdaging

- Wil jy die Here opreg soek... kyk na Dawid se voorbeeld:
- Hy het die Woord van God gelees, elke dag en daarvoor gedink/ gemediteer
- Hy het gedoen wat daarin staan
- Hy het die wil van God gesoek... en dit gedoen
- Hy het nederig gebly

1. Die trekkrag van die wêreld (Egipte)

- **Vlug van die die trekkrag van die wêreld**

2. Die gevaar van afleidings (dit wat ons fokus en aandag weg van die Here lei)

- **Weerstaan die afleidings wat ons aandag wegtrek van die Here**

3. Die trekkrag van materialisme

- **Soek die Here se wil vir jou hele lewe: jou tyd, jou energie, jou drom**

Psalm 34:11

Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.

Psalm 63:1-2

¹ 'n Psalm van Dawid, toe hy in die woestyn van Juda was. ² o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water.